

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA



PUBLISHED BY AUTHORITY

UITGAWE OP GESAG

10c Wednesday 28 September 1977 WINDHOEK Woensdag 28 September 1977 No. 3650

CONTENTS:	Page	INHOUD:	Bladsy
PROCLAMATION:		PROKLAMASIE:	
No. A.G. 2 Appropriation Proclamation, 1977	1	No. A.G. 2 Begrotingsproklamasie, 1977	1

PROCLAMATION

by the
ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA
(Approved by the State President on 26 September 1977).

No. A.G. 2 1977

APPROPRIATION OF MONEYS

Under the powers vested in me by Proclamation 181 of 19 August 1977, I hereby make the laws set out in the Schedule.

M. T. STEYN,
Administrator-General Windhoek, 26 September 1977

SCHEDULE

Definitions

1. In this Proclamation, unless the context indicates otherwise —

“the Appropriation Act” means the Appropriation Act, 1977 (Act 110 of 1977);

“transfer proclamation” means a proclamation of the Administrator-General by which the administration of the affairs of the territory of South West Africa in relation to any matter falling under a requirement of the said territory mentioned in Schedule 2 of the Appropriation Act, is transferred to him.

PROKLAMASIE

deur die
ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA
(Deur die Staatspresident goedgekeur op 26 September 1977)

No. A.G. 2 1977

BEWILLIGING VAN GELDE

Kragtens die bevoegdheid my verleen by Proklamasie 181 van 19 Augustus 1977, maak ek hierby die wette in die Bylae vervat.

M. T. STEYN
Administrateur-Generaal Windhoek, 26 September 1977

BYLAE

Woordomskrywings

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken in hierdie Proklamasie —

“die Begrotingswet” die Begrotingswet, 1977 (Wet 110 van 1977);

“oordragproklamasie” ’n proklamasie van die Administrateur-generaal waarby die administrasie van die sake van die gebied Suidwes-Afrika met betrekking tot ’n aangeleentheid wat onder ’n behoefte van genoemde gebied in Bylae 2 by die Begrotingswet genoem, resorteer, aan hom oorgedra word.

Appropriation of moneys

2. The unexpended balance, as at the date upon which a transfer proclamation was or is published in the *Official Gazette* of the territory of South West Africa, of an amount of money set out in column 1 of Schedule 2 to the Appropriation Act in respect of any requirement of the said territory mentioned in that Schedule to which that transfer proclamation relates, is hereby appropriated for the said requirement of that territory during the financial year ending on 31 March 1978.

Appropriation accounts

3. (1) Any amounts expended before the date referred to in section 2 under authority conferred by the Appropriation Act, shall for the purposes of the appropriation accounts be deemed to have been appropriated by the Administrator-General.

(2) For the purposes of section 14 of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), as applied by the relevant transfer proclamation, the amount appearing in column 1 of Schedule 2 to the Appropriation Act and any additional amount authorized by the Administrator-General in an additional appropriation proclamation, shall be specified on the receipts side of the appropriation account of the relevant vote, while the amount actually expended since 1 April 1977 shall be specified on the expenditure side.

Short title

4. This Proclamation shall be called the Appropriation Proclamation, 1977.

Bewilliging van gelde

2. Die onbestrede saldo op die datum waarop 'n oordragproklamasie in die *Offisiële Koerant* van die gebied Suidwes-Afrika afgekondig is of word, van 'n bedrag geld in kolom 1 van Bylae 2 by die Begrotingswet aangegee ten opsigte van 'n in daardie Bylae vermelde behoefte van genoemde gebied waarop daardie oordragproklamasie betrekking het, word hierby bewillig vir bedoelde behoefte van dié gebied in die boekjaar wat op 31 Maart 1978 eindig.

Appropriasierekenings

3. (1) Bedrae wat voor die in artikel 2 vermelde datum bestee is kragtens magtiging by die Begrotingswet verleen, word vir die doeleindes van die appropriasierekenings geag deur die Administrateur-generaal bewillig te wees.

(2) By die toepassing van artikel 14 van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), soos toegepas deur die betrokke oordragproklamasie, moet die bedrag wat in kolom 1 van Bylae 2 by die Begrotingswet verskyn en enige addisionele bedrag wat in 'n addisionele begrotingsproklamasie deur die Administrateur-generaal gemagtig word, aan die ontvangstekant van die appropriasierekening van die betrokke begrotingspos aangegee word, terwyl die bedrag wat sedert 1 April 1977 werklik bestee is, aan die uitgewekant van daardie rekening aangegee moet word.

Kort titel

4. Hierdie Proklamasie heet die Begrotingsproklamasie, 1977.